higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE SUID-AFRIKAANDE GESONDHEIDSORGSTELSELS
NKR VLAK 3

(9020053)

13 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

.

NCV

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf slegs in blou of swart ink.
6. Skryf jou van en naam op elke bladsy.
7. ALLE werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.
8. Let op die puntetoekennings vir elke vraag en skryf voldoende inligting om die punte te verdien wat vir die betrokke vraag aangedui word.
9. Enige student wat oneerlik is se antwoordboek sal gekonfiskeer word.
10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur die woorde te gebruik wat in die lys hier onder verskaf word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer. Elke woord kan meer as EEN keer gebruik word.

King II; regering; toegeneem; verlaagde; mediese skemas; hulpbronne; hoedanigheid; 'out-of-pocket'; wins; mededinging; finansiële

Die gesondheidstelsel met winsoogmerk ('for profit') staan nie onder die (1.1.1) ... nie. Dit is 'n stelsel wat bestaan uit individue wat in hul privaat (1.1.2) ... gesondheidsdienste op 'n (1.1.3) grondslag verskaf. Private gesondheidsversekering in die vorm van (1.1.4) ... en (1.1.5) ... betalings is die hoofbronne van finansiering vir die private gesondheidstelsel. Die aantal mense wat nie verseker is nie, maar private gesondheidsorg gebruik, het (1.1.6) ... . Die gesondheidsorgstelsel met winsoogmerk het meer as die helfte van die gesondheidsorg (1.1.7) ... in Suid-Afrika vergeleke met openbare gesondheidsorg. Binne die private gesondheidsorgbedryf is daar (1.1.8) ... onder verskillende verskaffers wat doeltreffendheid bevorder. Sommige maatskappye met winsoogmerk verskaf (1.1.9) ... ondersteuning aan liefdadigheidsinisiatiewe in ooreenstemming met die (1.1.10) ... verslag oor korporatiewe bestuur.

(10 × 1) (10)

1.2 Verduidelik die doel van die volgende Wette:

1.2. Wet op Mediese Skemas 131 van 1998

1.2. Wetsontwerp op Verpleging 26 van 2005

1.2. Wet op Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe 101 van 1965

1.2. Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en –siektes van 1993

1.2. Wet op Nasionale Gesondheid 61 van 2003

(5 × 2) (10)

1.3 Verduidelik die DRIE maatreëls wat gehalte in hospitale monitor gegrond op Artikel 47 van die Wet op Nasionale Gesondheid (3 × 2) (6)

1.4 Dit is bekend dat die mynsektor werkgebaseerde gesondheidsorgstelsels het.

Bespreek waarom die mynsektor hierdie dienste nodig het. (4)

[30]

VRAAG 2

2.1 Verskillende opsies word voorsien as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Primêre gesondheidsorg is die ... vlak van gesondheidsorg.

A vierde
B derde
C eerste
D tweede

2.1.2 ... is 'n voorbeeld van 'n sekondêre hospitaal.

A King Edward VIII
B Rooi Kruis
C Medi-Clinic
D Pathcare

2.1.3 Die herontwerp van PGS beoog om ...

A eksperimentele medisyne te beklemtoon.
B groter klem op tersiêre gesondheidsorg te plaas.
C die distriksgesondheidstelsel af te breek ('breakdown').
D die distriksgesondheidstelsel te versterk.

2.1.4 Kwaternêre gesondheidsorg is 'n verlenging van ... gesondheidsorg.

A primêre
B sekondêre
C tersiêre
D komplementêre

2.1.5 Die teikengroep vir werkplekgebaseerde gesondheidsorg is ...

A slegs werknemers onder 40.
B alle werknemers en hul gesinne.
C werknemers se gesinslede wat siek is.
D werknemers wat nie mediese skemas kan bekostig nie.

2.1.6 Tot ... was daar geen regulasies ten opsigte van gesondheidsorstelsels nie.

A 1967
B 1994
C 2001
D 1876

2.1.7 Groote Schuur en die Rooi Kruis Kinderhospitaal is voorbeelde van … gesondheidsorg.

A primêre
B sekondêre
C tersiêre
D kwaternêre

2.1.8 Die ... dwing die Wet op Myngesondheid en –veiligheid 29 van 1996 af.

A Departement Finansies
B Departement Justisie
C Departement Minerale en Energie
D Departement Gesondheid

2.1.9 Die ... dwing die Wet op Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe 101 van 1965.

A Departement Gesondheid
B Departement Onderwys
C Departement Finansies
D Departement Watersake

2.1.10 Die verhouding van tradisionele geneser tot bevolking is ...

A 1 : 200.
B 1 : 2000.
C 1 : 8000.
D 1 : 800.

(10 × 1) (10)

2.2 Bespreek hoe die regulering van die private gesondheidsorgstelsel oor die jare ontwikkel het deur spesifiek te verwys na die rol wat die Wet op Mediese Skemas gespeel het. (5)

2.3 Bespreek die voordele van die regulering van die private gesondheidsorg-stelsel vanuit 'n pasiënt se perspektief. (5)

2.4 Bespreek op grond van jou ondervinding en kennis hoe private gesondheidsorg-fasiliteite van openbare gesondheidsorgfasiliteite verskil.

(5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Volgens die minister van gesondheid moet 'n holistiese benadering aanvaar word.

3.1.2 'n Holistiese benadering neem 'n persoon se hele wese in aanmerking en sluit voorkomende sorg in.

3.1.3 'n Algemene gebrek aan integrasie is 'n uitdaging in die skuif na voorkomende maatreëls.

3.1.4 In private gesondheidsorg sal pasiënte minder as R100 vir dienste betaal.

3.1.5 Pasiënte wat van openbare gesondheidsorg gebruik maak, is oor die algemeen meer tevrede met die diens as diegene wat van private gesondheidsorg gebruik maak.

3.1.6 Voldoende opleiding is 'n uitdaging by die implementering van voorkomende maatreëls.

3.1.7 Kwaternêre gesondheidsorg is die eerste vlak van gesondheidsorg.

3.1.8 Die herontwerp van OGS beoog om meer aandag aan maatskaplike faktore te skenk wat negatief op gesondheid inwerk.

3.1.9 Komplementêre medisyne vereis gewoonlik nie 'n doktersvoorskrif nie.

3.1.10 Groote Schuur en Rooi Kruis lewer tersiêre gesondheidsdienste.

(10 × 1) (10)

3.2 Noem SEWE tipe tradisionele genesers. (7)

3.3 Medikasie voorgeskryf deur tradisionele genesers kan in DRIE medikasietipes geklassifiseer word. Noem hierdie klassifikasietipes. (3)

3.4 Bespreek diegene wat tradisionele medisyne gebruik en waarom hulle dit gebruik. (5)

3.5 Dink jy tradisionele medisyne moet deur mediese skemas erken word? Verstrek redes vir jou antwoord. (5)

[30]

VRAAG 4

4.1 Kies 'n mediese funksie in KOLOM B wat pas by die plant in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Bosbessie	A	word gebruik vir kanker van die esofagus
4.1.2	Knoffel	B	help om iemand gelukkiger te maak
4.1.3	Kamille	C	word gebruik vir aptytverlies of naarheid
4.1.4	Laventel	D	word gebruik vir urieninfeksie
4.1.5	Gemmer	E	word gebruik vir die verligting van stres
		F	word gebruik vir die genesing van wonde en inflammasie

(5 × 1) (5)

4.2 Noem VYF uitdagings verbonde aan die gebruik van tradisionele medisyne. (5)

4.3 Noem VYF gebruike van kruiemedisyne. (5)

4.4 Bespreek die verskille tussen tradisionele medisyne en moderne medisyne onder die volgende opskrifte:

4.4.1 Kennisbeskerming

4.4.2 Regulering

4.4.3 Konsultasietyd

4.4.4 Opleiding

4.4.5 Toets van medikasie

(5 × 2) (10)

4.5 Dink jy akademiese gesondheidsinstellings moet komplementêre medisyne by hul sillabus insluit?

Verstrek redes vir jou antwoord deur na die waargenome voordele of risiko's van komplementêre medisyne te verwys. (5)

[30]

VRAAG 5

5.1 Voltooi die volgende sinne deur EEN woord/term tussen hakies te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Die meeste komplementêre medisyne wat verkoop word, word in apteke aangekoop. Daar word van aptekers verwag om pasiënte raad te gee oor die (5.1.1 veiligheid/sindelikheid), doeltreffendheid en potensiële (5.1.2 wisselwerking ('interaction')/bedorwendheid ('corruptions') van komplementêre medisyne. Aptekers moet die gebruik van komplementêre medisyne aanteken in die pasiënt se mediese (5.1.3 kennis/geskiedenis) en die pasiënt bystaan om 'n ingeligte (5.1.4 besluit/behandeling) te neem of hy op selfmedikasie moet wees of 'n gesondheidsorg-(5.1.5 misbruiker/praktisyn) moet raadpleeg.

(5 × 1) (5)

5.2 Verduidelik kortliks die volgende tipes komplementêre medisyne:

5.2.1 Kruiekennis

5.2.2 Aromaterapie

5.2.3 Homeopatie

5.2.4 Hipnoterapie

5.2.5 Detoksifikasieterapie

(5 × 2) (10)

5.3 Beskryf die regsraamwerk (wette) wat komplementêre medisyne in Suid-Afrika reguleer. (2 × 2) (4)

5.4 Bespreek hoe die risiko's van komplementêre medisyne verminder kan word. (3 × 2) (6)

5.5 Watter tipe komplementêre praktyk is na jou mening doeltreffender vir die behandeling van chroniese rygpyn? Natuurlike produkte, gees-liggaam-medikasie of manipulerende en liggaamsgebaseerde praktyke? Verstrek redes vir jou antwoord. (5)

[30]

VRAAG 6

6.1 Gee EEN woord/term vir elkeen van die volgende beskrywings wat verband hou met komplementêre medisyne. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.1.1 Die Wet wat alle mediese middels beheer ten opsigte van veiligheid en registrasie, waaronder komplementêre medisyne.

6.1.2 Behels die insteek van fyn naalde in die vel van die pasiënt om bio-elektriese punte van die liggaam te stimuleer wat die energie beweging 'QI' balanseer.

6.1.3 Die Raad wat komplementêre gesondheidspraktisyns reguleer

6.1.4 Kombineer elemente van Westerse medisyne met homeopatie en naturopatie

6.1.5 Behels die vereniging van die gees, liggaam en siel deur die gebruik van strukturele asemhaling en liggaamshoudings

(5 × 1) (5)

6.2 Noem VYF sleutelwaardes wat leiding gee aan komplementêre gesondheidspraktisyns. (5)

6.3 Noem VYF kenmerke van 'n nieregeringsorganisasie. (5)

6.4 Bespreek die voordele van 'n organisasie sonder winsoogmerk. (2 × 2) (4)

6.5 Bespreek die belang van gemeenskapsdeelname in die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel. (3 × 2) (6)

6.6 Stel maniere voor waarop die regering organisasies sonder winsoogmerk en gemeenskapgebaseerde organisasies kan ondersteun. (5)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou